

HULDEBLIK AAN AWIE SCHUTTE

14 Januarie 1935 – 30 Augustus 2021



Abraham Paul Schutte, alombekend as Awie, is op 30 Augustus in die ouderdom van 86 jaar skielik oorlede terwyl hy met gebruikelike inkopies besig was om aan die welsyn van sy pragtige inheemse tuin in Gansbaai se vele gevleuelde en ander bewonertjies aandag te skenk.

Aan sy vrou, Kinnie, dogters, Karin en Sandra, skoonseun, Pierre, en kleinkinders, Liezl en Paul-Hendrik, my innige medelye met die verlies van 'n toegewyde, waarderende gade en uitsonderlike pa en oupa.

Awie is in Johannesburg gebore en matrikuleer in 1953 aan die DF Malan Hoërskool as hoofseun en kaptein van die skool se eerste rugbyspan. Na suksesvolle keuring, studeer hy veeartsenykunde aan die Onderstepoort Fakulteit. Tydens sy studies is hy vir 2 jaar kaptein van die Onderstepoort rugbyspan.

Hy dien ook op die Sportkomitee van die Studenteraad van die Universiteit van Pretoria. In 1958 verwerf hy die Maud Bales-

studiebeurs en kwalifiseer in 1959 as veearts. Awie tree onmiddellik in praktykvennootskap met dr DG Steyn in Vereeniging, maar skakel in 1961 oor as senior lektor in genesiologie na die Reprodusie-afdeling te Onderstepoort Fakulteit en verwerf in 1964 'n M.Med. Vet (Gyn) graad. In 1967 word die gesogte BP en Agricura nagraadse beurse aan hom toegeken wat hom in staat stel om in 1969 'n Spec Doct (Gent) kwalifikasie in België te bekom. Terwyl hy op Onderstepoort werksaam is, is hy vir etlike jare aftief betrokke by die afrigting van die studente se rugbyspan.

In 1972 laat vaar hy sy doseerpos en word as assistent-direkteur by die Navorsingsinstituut vir Veeartsenykunde, Onderstepoort se Departement Reprodusie aangestel met die opdrag om die diagnostiese fasiliteite uit te bou.

Hy doen pioniersnavorsing op veral chlamidiose by beeste en ensoötiese aborsie by skape. In 1977 maak hy egter 'n radikale beroepsverandering deur na Mosselbaai te verhuis en 'n pos as staatsveearts te aanvaar. Kinnie se kulinêre vaardigheid vind uiting in die skepping van 'n plaaslike restaurantjie met die treffende naam van Trap-in-die-gaatjie.

In 1980 doen Awie suksesvol aansoek vir die invloedryke vakante pos van Hoofbestuurder Veeartsenydienste van die Taurus Veeverbeteringskoöperasie te Irene, die nasionale liggaam vir die kunsmatige inseminasiebedryf (KI) in Suid-Afrika. Die gewysigde posbenaming van Hoof Uitvoerende Beampte in 1985 vul hy tot sy aftrede in 1994. In hierdie hoedanigheid raak hy intens by die veebedryf betrokke.

Hy dien byvoorbeeld op verskeie veeverbeteringswetliggame soos: vise-voorsitter van die Minister van Landbou se Adviesraad vir Diereproduksie; stigterslid van die Komitee oor KI; voorsitter van die Komitee insake die Nasionale Melkbeesprestasie- en Nageslagtoetsingskema; lid van die Minister van Landbou se werkgroep vir tegniese aangeleenthede betreffende die Veeverbeteringswet en sy regulasies.

Hy dien ook op die volgende veeverbeteringsliggame: voorsitter van Select Genes, 'n maatskappy in samewerking met Nederlandse KI-instansies gestig om voortreflike en beproefde genetiese materiaal van die Suid-Afrikaanse veebedryf in Afrika te bemark; voorsitter van Ramsem, 'n maatskappy saam met BKB gestig om voortreflike en beproefde genetiese materiaal van kleinvee in suider-Afrika, Suid-Amerika en Frankryk te bemark; lid van 'n internasionale komitee vir KI en reproduksie.

In sy Taurus-hoedanigheid woon hy, onder meer, internasionale kongresse in Illinois en Den Haag by en onderneem 'n uitgebreide studietoer na die VSA, Frankryk, Denemarke, Italië en Israel.

Awie se betrokkenheid by sy beroepsorganisasie, die SAVV, kan as legendaries beskryf word. Hy is reeds van 1961 lid en later voorsitter van die SAVV se destydse Reprodusiegroep. Hy dien van 1973 – 1978 as verkose raadslid van die SAVV. Van 1976 – 1978 dien hy as President van die SAVV. Dis in hierdie hoedanigheid dat hy 'n status bereik wat waarskynlik nog nie weer deur SAVV-dienaars geëwenaar is nie. Hy is die dryfkrag vir die bevordering van twee van die SAVV se mees ambisieuse destyde doelwitte: om 'n beter finansiële bedeling vir staatsveertse te verkry; om 'n tweede fakulteit vir veeartsenykunde in 'n ander provinsie te probeer bewerkstellig.

Die feite oor die onbevredigende status quo is deur intensiewe SAVV-navorsing bepaal en die nodige omvattende skriftelike motiverings opgestel. Dit is gevolg deur talle ministeriële besoeke waartydens Awie die professie se saak met kenmerkende oortuiging gestel het. Die Minister het inderdaad op een stadium skertsend verneem of Awie dan oor 'n seisoenkaartjie vir besoeke aan sy kantoor beskik? 'n Beter bedeling vir staatsveertse het weldra gevolg, maar die verhaal van 'n tweede fakulteit verg 'n uitvoerige uiteensetting.

Paslike erkenning vir sy toegewyde bydraes tot die bevordering van sy beroep, die gesogte Jack Boswell Toekenning van die SAVV, het in 1978 gevolg. Awie se indrukwekkende wetenskaplike produktiwiteit word geïllustreer deur die 53 wetenskaplike publikasies, 17 populêre publikasies en 141 referate en lesings wat uit sy pen gevloei of wat hy voorgedra het.

Na sy aftrede leef die Schutte-egpaar hulle liefde vir die natuur uit deur talle besoeke aan nasionale en plaaslike wildtuine en natuurreserve. Awie verbeter ook sy kennis van die inheemse voëllewe deur bywoning van kursusse en lesings. Sy omvattende biblioteek oor plaaslike natuurlewe bevat onder meer 'n bykans volledige stel van die vlagskip Roberts Birds of South Africa reeks.

Verder het Awie hulle sprokieryke Gansbaaihuis se tuin in 'n paradys vir plaaslike voëlsoorte en 'n klein versameling skilpadjies omskep deur dit ryklik te voorsien van fynbosstruie en ander voëlvriendelike plante wat hy met groot toewyding versorg en met entoesiasme aan besoekende familieledes en vriende vertoon het.

Sy hartlike persoonlikheid, toegewyde en hegte gesinsverband, wye belangstellingsveld, getroue vriendskap en eindelose gasvryheid, mildelik ondersteun deur 'n ondergrondse wynkelder ruim voorsien van kundig-versamelde, verouderde rooiwyne, laat deur sy heengaan 'n pynlike leemte by sy gesin sowel as by sy vriende.

Rudolph Bigalke